



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

INHOUD

- Voorsittersverslag
- 31 Desember 2016
Finansiële State en Aktuariële
Waardering
- Beleggings van die Fonds
- Veranderinge aan die
beleggingstrategie en
lewensfasestrategie
- Annuïteits-keuses by Aftrede
- In-fonds Lewende
Annuïteitsopsie
- Uitgestelde aftrede
- Finansiële advies
- Belangrike
kontakbesonderhede

Voorsittersverslag

Dit is aangenaam om 'n terugblik op die afgelope paar maande van 2017 te lewer en terugvoering te gee van wat die afgelope jaar op die Fonds gebeur het.

In 2016 het die Raad van Trustees die buitelandse batebestuurders hersien. Die verbetering van die opbrengste van die buitelandse beleggingsbestuurders het tot gevolg gehad dat die opbrengste van die Groeiportefeulje, in vergelyking met die ooreengekome maatstawwe, 'n merkwaardige verbetering getoon het, ten spyte van onsekere ekonomiese en politieke toestande.

Die implementering van die in-fonds lewende annuïteite het tot gevolg gehad dat die bestaande beleggingstrategie en die

lewensfase-beleggingstrategie vanaf 1 Januarie 2017 hersien is. Meer opsies word nou aan lede vanaf ouderdom 53 jaar gegee om sodanig hul beleggingstrategie voor aftrede met die tipe annuïteit wat hul wil aankoop by aftrede, te belyn. Meer inligting oor tipes annuïteits-keuses by aftrede volg later in die nuusbrieff. Ons herinner jou weer aan die in-fonds lewende annuïteit en die uitgestelde aftrede opsies wat USAF jou bied.

Beide die geouditeerde finansiële state en aktuariële waardasie vir die jaar geëindig 31 Desember 2016 is deur die Raad van Trustees goedgekeur en is aan die Raad op Finansiële Dienste voorgelê. Die ouditeure het 'n ongekwalifiseerde ouditopinie uitgereik en die aktuaris het bevestig dat die Fonds in 'n gesonde finansiële posisie is. Binnekort is daar 'n slimfoon-toep wat uitgerol gaan word. Meer inligting hieroor sal in die volgende nuusbrieff verskaf word.

Groete

Adv. F.A. du Plessis
Voorsitter



Die 31 Desember 2016 Finansiële State en Aktuariële Waardering

Finansiële State

Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2016 is gedurende Junie 2017 aan die Oudit- en Risikobestuurskomitee van die Raad van Trustees voorgelê. USAF se eksterne ouditeure, PwC, het 'n ongekwalifiseerde auditverslag uitgereik. Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die Oudit- en Risikobestuur-subkomitee die finansiële state goedgekeur en die finansiële state is voor die keurdatum, 30 Junie 2017, by die Raad op Finansiële Dienste ingedien.

Aktuariële Waardering

'n Aktuariële waardering word jaarliks, na ontvangs van die geouditeerde finansiële state op die fondsjaareinde 31 Desember, uitgevoer om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal. Die 31 Desember 2016 aktuariële waardering is gedurende Augustus 2017 aan die Raad van Trustees voorgelê.

In die waarderingsverslag het die aktuaris bevestig dat USAF in 'n finansiële gesonde toestand verkeer met 'n befondsingsvlak van 100.05%. Die waarderingsverslag is deur die Raad van Trustees goedgekeur en by die Raad op Finansiële Dienste ingedien.

Beleggings van die Fonds

Die tabel hieronder som die Groeiportefeulje se opbrengste oor verskillende tydperke tot 30 Junie 2017 op:

Periode	Groeiportefeulje	Inflasie	Inflasie plus 5%	Portuurgroep-mediaan*	Portuurgroep-topkwartiel**
3 maande	0.45%	0.98%	2.21%	0.44%	0.86%
6 maande	4.08%	3.11%	5.58%	3.29%	4.02%
12 maande	5.98%	5.44%	10.44%	3.37%	4.50%
36 maande	7.43% p.j.	5.40% p.j.	10.40% p.j.	6.27% p.j.	6.68% p.j.
60 maande	14.13% p.j.	5.68% p.j.	10.68% p.j.	11.88% p.j.	13.29% p.j.

* Die portuurgroep-mediaan is die beleggingsbestuurder wat in die middel van sy portuurgroep presteer het. Dit gee 'n aanduiding van hoe ander aftreefondse oor dié tydperke kon gevaar het. Die portuurgroepmaatstawwe word van die Alexander Forbes-opname afgelei.

** Die portuurgroep-topkwartiel is die beleggingsbestuurders wat beter gevaar het as driekwart van hulle portuurgroep.

Dit is verblydend dat die opbrengste van die Groeiportefeulje oor al die meetingsperiodes langer as 3 maande beter as die topkwartiel-portuurgroep gevaar het. Dit is grootliks die gevolg van 'n verbetering van die opbrengste van die buitelandse beleggingsbestuurders. Jy word aangeraai om nie te veel klem op die korttermyn-opbrengste te lê nie en liever op die langtermyn-opbrengste te fokus.

Vir meer inligting omtrent al die opbrengste van die onderliggende beleggingsportefeuljes, besoek www.retirementfundweb.co.za.

Veranderinge aan die beleggingstrategie en die lewensfasestrategie

Met die daarstelling van die in-fonds lewende annuïteite het die Raad van Trustees die beleggingstrategie vanaf 1 Januarie 2017 hersien.

Alle lede word 100% in die Groeiportefeulje belê tot op ouderdom 53.

Vier bykomende beleggingsportefeuljes is vir lede vanaf ouderdom 53 beskikbaar gestel om sodanig lede naby aftrede se beleggings te bely met beleggings wat geskik is vir annuïteit produkte.

Vanaf ouderdom 53 is die volgende beleggingskeuses beskikbaar aan lede:

Groeiportefeulje

Kapitaalbeskermingsportefeulje

Aggressiewe Absolute Opbrengs Portefeulje

Konserwatiewe Absolute Opbrengs Portefeulje

Portefeulje wat verskansings teen rentekoersskommeling bied

Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje en die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje is geskik vir die in-fonds lewende annuïteite, asook vir die aankoop van lewende annuïteite buite die Fonds.

Die Portefeulje wat verskansing teen rentekoersskommeling bied, is geskik vir die aankoop van gewaarborgde annuïteite buite die Fonds by aftrede.

Die Raad van Trustees het ook onlangs besluit om 'n Shari'ah keuse beleggingsportefeulje aan lede, wie hul fondskrediet volgens die beginsels van die Islamitiese geloof wil laat belê, te bied. Meer inligting hieroor sal binnekort aan lede verskaf word.

Die nuwe Lewensfase-strategie

Die bateverdeling en die infaseringsperiode van die lewensfase-strategie is ook deur die trustees hersien om beter te pas by die in-fonds lewende annuïteitstrategie. Die Raad van Trustees het daarom besluit om die infaseringsperiode van drie tot **ses jaar** te verleng.

Die nuwe lewensfase-strategie bepaal dat vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid ouderdom 60 bereik, die volle fondskrediet by wyse van 25 kwartaalike skuiwe uit die Groeiportefeulje in gelyke dele na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas word, sodat die fondskrediet by aftrede ten volle in gelyke dele (50/50) in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word.

Lede sal soos voorheen keuses buite die nuwe lewensfase-strategie kan uitoefen, en het nou meer opsies as voorheen.

Annuïteits-keuses by Aftrede

By aftrede is daar verskeie besluite wat jy moet neem. Met so baie verskillende beskikbare annuïteite (pensioenopsies) om van te kies, kan dit 'n gedugte taak wees. Dit raak egter makliker as jy die beskikbare opsies, die faktore wat die grootte van die maandelikse pensioen beïnvloed, asook die verskille tussen die tipes annuïteite verstaan. Nog 'n belangrike aspek is om die risiko's verbonde aan die verskillende annuïteite te verstaan.

Wat is die risiko's wat aan annuïteite verbonde is?

Die vernaamste risiko's met betrekking tot die verskillende annuïteite wat by aftrede vir lede beskikbaar is, is die volgende:

- **Langlewendheidsrisiko** - die moontlikheid dat jy jou geld gaan oorleef;
- **Beleggingsrisiko** - die moontlikheid dat laer beleggingsopbrengste verkry word as wat nodig is om jou die nodige pensioeninkomste te gee; en
- **Inflasierisiko** - die moontlikheid dat jou pensioeninkomste nie met jou lewenskoste kan tred hou nie.

Wat is die verskillende tipes annuïteite?

Annuïteite kan in twee kategorieë verdeel word, elk met 'n aantal opsies. Hierdie twee kategorieë is:

1. Gewaarborgde of lewensannuïteite; en
2. Beleggingsgekoppelde annuïteite.

I. Gewaarborgde of lewensannuïteite

'n Gewaarborgde of lewensannuïteit is 'n versekeringspolis of -kontrak tussen jou, die lid, en 'n versekeringsmaatskappy. 'n Kapitaalbedrag word deur USAF aan 'n versekeringsmaatskappy van jou keuse oorbetal, in ruil vir 'n maandelikse inkomste (gebaseer op sekere ooreengekome voorwaardes) wat gewaarborg word om tot jou dood betaal te word. Hierdie voorwaardes word aanvanklik ooreengekom en kan nie later verander word nie. Die langlewendheids- en beleggingsrisiko's, soos hierbo verduidelik, word aan die versekeringsmaatskappy oorgedra en die pensioen sal betaal word totdat die pensioenaris te sterwe kom. Hierdie waarborg het egter 'n prys, soos alle waarborge. Die koste van addisionele sekuriteit, byvoorbeeld met betrekking tot toekomstige verhogings, sal 'n invloed hê op die maandelikse pensioenbedrag wat aan jou betaalbaar is.

Tipes gewaarborgde of lewensannuïteite is die volgende:

Gelykblywende gewaarborgde lewensannuïteit die maandelikse inkomste word lewenslank betaal en sal **nooit toeneem** nie.

Stygende gewaarborgde lewensannuïteit die pensioenbetalings **sal teen 'n vaste koers** per jaar **toeneem**.

Inflasiegekoppelde lewensannuïteit die pensioen sal jaarliks **in ooreenstemming met inflasie toeneem**.

Winsdelende lewensannuïteit die pensioen **sal jaarliks toeneem na gelang van die beleggingsopbrengste wat verdien is** op die beleggingsportefeuljes waarin dit belê is en die koers waarteen dit aanvanklik gekoop is.

Hierdie tipes annuïteite kan as *enkellewensannuïteite* gestruktureer word, wat beteken dit maak slegs vir die pensioenaris voorsiening. 'n Aantal ekstra voorwaardes kan egter bygevoeg word, soos om vir 'n gadepensioen voorsiening te maak by die pensioenaris se dood, sodat die agterblywende gade 'n lewenslange pensioen kry. Dit word 'n *gesamentlike lewensannuïteit* genoem.

Soos altyd, word jy aangeraai om met 'n geakkrediteerde finansiële adviseur te gesels, wat jou deur die proses sal lei.

Jou adviseur sal annuïteitkwotasies by verskillende versekeraars kry en aan die hand van die verskillende kwotasies vir jou verduidelik hoeveel jy kan verwag om te kry as 'n maandelikse pensioen. Die maandelikse pensioenbedrag sal afhang van die kapitaalbedrag wat beskikbaar is, en ander faktore.

Wat is die vernaamste faktore wat die maandelikse pensioenbedrag van 'n gewaarborgde/lebensannuïteit bepaal?

In die tabel hieronder kyk ons na die belangrikste faktore en hoe hulle die grootte van jou maandelikse pensioenbedrag beïnvloed:

Jou kapitaalbedrag	Dit is die deel van jou fondskrediet wat gebruik word om die pensioen te koop. Jy kan jou volle fondskrediet of enige gedeelte daarvan aanwend vir die aankoop van jou pensioen. Hoe groter die kapitaalbedrag, hoe groter is die aanvanklike maandelikse pensioen.
Jou geslag	Navorsing toon dat vroue waarskynlik langer sal leef as mans, en daarom moet hul pensioen langer hou as dié van mans. As gevolg hiervan sal 'n vroulike pensioenaris se aanvanklike maandelikse pensioeninkomste dikwels minder wees as dié van 'n manlike lid, terwyl laasgenoemde se pensioeninkomste na verwagting oor 'n korter tydperk betaal sal word.
Jou ouderdom	Bepaal jou lewensverwachting – d.w.s. hoe lank jy na verwagting gaan leef. Hoe ouer jy is wanneer jy jou pensioen koop, hoe groter sal jou aanvanklike maandelikse pensioen wees.
Die gewaarborgde termyn van jou keuse	Vir hoeveel jaar jy die betaling van jou pensioen wil laat waarborg. As jou gewaarborgde termyn 10 jaar is en jy binne 5 jaar na aftrede sterf, sal jou maandelikse pensioen vir die volgende 5 jaar aan 'n begunstigde van jou keuse betaal word. Voorbeelde van waarborgtydperke is 5, 10, 15 of 20 jaar. Hoe langer die gewaarborgde termyn wat jy kies, hoe kleiner sal jou maandelikse pensioen wees.
Die toekomstige verhoging van jou keuse	Indien jy verkies dat jou pensioeninkomste jaarliks verhoog moet word, asook die vlak van hierdie toekomstige verhogings. Indien jy nie 'n toekomstige (inflasionêre) verhoging kies nie, sal jou pensioenbedrag moontlik nie met jou lewenskoste tred hou nie. Dit kan 'n probleem raak omdat die koopkrag van jou pensioen jaar na jaar sal krimp - dit beteken jy sal minder kan koop met jou maandelikse pensioen. Hoe groter die toekomstige verhoging wat gekies word, hoe kleiner sal jou aanvanklike maandelikse pensioen egter wees.
Jou gade se pensioen	Indien jy verkies dat 'n pensioen aan jou gade betaal moet word indien jy eerste sterf, en of die gadepensioen gelyk aan jou pensioen moet wees, of 'n deel (persentasie) van jou pensioen. Dit sal ook die aanvanklike pensioenbedrag beïnvloed. 'n Gadepensioen is gewoonlik gelyk aan 50% van jou pensioen ten tyde van jou dood.
Rentekoersbewegings	Sommige opsies is sensitief vir rentekoersbewegings en kan met ongeveer 4% verskil vir elke 1% wat rentekoerse beweeg.

2. Beleggingsgekoppelde annuïteite

'n Beleggingsgekoppelde annuïteit is 'n beleggingsprodukt waarvan die inkomste nie gewaarborg word nie. Pensioenbetalings hang af van die prestasie van die onderliggende beleggings waarin die pensioenaris belê is. Indien dit egter **goed bestuur** word, kan hierdie tipe annuïteit 'n hoër inkomstevlak gedurende jou aftrede lewer.

Die pensioenaris onttrek elke maand 'n ooreengekome bedrag uit die belegging deur 'n klein persentasie van die belegging as 'n maandelikse pensioen te neem. Volgens huidige wetgewing mag 'n pensioenaris 'n inkomste kies van tussen 2.5% en 17.5% van die beleggingskapitaal. Die gekose persentasie kan een keer per jaar verander word. Hierdie tipe annuïteit laat dus groter aanpasbaarheid van inkomste toe.

As lid dra jy die *langlewendheids- en beleggingsrisiko's*. Daar is dus 'n risiko dat jou geld gaan opraak indien jy te gou te veel geld onttrek. Indien jy sterf, is al die oorblywende kapitaal egter aan jou begunstigdes betaalbaar. Alle beleggingsopbrengste op die kapitaal wat jy belê het, word aan jou toegeedeel.

Wat is dus die verskille tussen die verskillende tipes annuïteite?

Die tabel hieronder toon die verskille tussen die mees algemene annuïteit- of pensioenopsies wat deur aftreefondselede gebruik word:

	Stygende gewaarborgde lewens-annuïteit / pensioen	Winsdelende annuïteit / pensioen	Beleggingsgekoppelde annuïteit / pensioen
Kenmerke	<ul style="list-style-type: none"> • By aftrede besluit die lid op 'n verhogingskoers (hoe hoër die verhogingskoers, hoe laer is die aanvanklike pensioen). • Wanneer die pensioen gekoop word, het die lid 'n keuse t.o.v. 'n minimum waarborgtydperk en 'n gadepensioen. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die pensioen word teen 'n vaste koers gekoop en sal toeneem met beleggingsopbrengste wat verklaar word, minus die koers waarteen dit aangekoop is. Hoe hoër die koers waarteen die annuïteit gekoop word, hoe hoër is die aanvanklike pensioen maar hoe laer is toekomstige verhogings. • Wanneer die pensioen gekoop word, het die lid 'n keuse t.o.v. 'n minimum waarborgtydperk en 'n gadepensioen. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die pensioenaris kry 'n beleggingsrekening en kies die portefeulje(s) waarin die aftreekapitaal belê word. • Die bedrag van die maandelikse pensioen word deur die pensioenaris gekies en moet tussen 2.5% en 17.5% van die kapitaalbedrag wees. Die koers wat deur die pensioenaris gekies word, kan een keer per jaar verander word, gebaseer op die kapitaalbedrag teen die jaareinde. • 'n Pensioenaris mag 'n persoon (bv. sy/haar gade) benoem om die res van die kapitaal hetsy as 'n enkelbedrag of as 'n maandelikse pensioen te ontvang (na gelang van die oorblywende kapitaalbedrag).
Risiko's	<ul style="list-style-type: none"> • Toekomstige inflasiekoers is onbekend. 'n Lid kan byvoorbeeld 'n jaarlikse pensioenverhoging van 5% kies, terwyl die inflasiekoers met 10% styg. • Lae rentekoerse by aftrede sal beteken dat maandelikse pensioene meer kos as wanneer rentekoerse hoog is. • Die lid kies by aftrede opsies wat nie verander kan word nie – die pensioen kan dus nie aangepas word nie 	<ul style="list-style-type: none"> • In tye van swak beleggingsprestasie kan pensioenverhogings laag wees of moontlik sal geen verhogings toegestaan word nie. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die pensioenaris dra die volle beleggingsrisiko. • Beleggingsbesluite is belangrik en onbestendige beleggingsmarkte kan veroorsaak dat die kapitaal afneem. • Indien die pensioenaris 'n maandelikse pensioen trek teen 'n hoër koers as die beleggingsopbrengs wat op die kapitaal verdien word, sal die kapitaal minder word en waarskynlik ook gouer uitgeput word as wat verwag is.
Voordele	<ul style="list-style-type: none"> • Die pensioenaris het sekerheid oor toekomstige pensioenbetalings - d.i. die jaarlikse verhoging en ook wat in die geval van sterfte gebeur, ens. word aan die begin ooreengekom. 	<ul style="list-style-type: none"> • Aangesien die pensioenverhogings gekoppel is aan die beleggingsopbrengste wat verklaar word (minus die koers waarteen die annuïteit gekoop is), kan die pensioen in 'n mate met inflasie tred hou. • Die maandelikse pensioen sal nooit afneem nie. 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Pensioenaris wat deur goeie beleggingsadvies ondersteun word, kan beheer oor die beleggingsbesluite ten opsigte van die aftreekapitaal behou, met groter aanpasbaarheid van die jaarlikse pensioen. • Die pensioenaris besluit oor die vlak van jaarlikse pensioenverhogings – binne die riglyne wat deur die owerheid bepaal word.

Daar is nie een tipe annuïteit (pensioen) wat vir almal nommerpas is en vir elke situasie en elke pensioenaris sal werk nie. Die ideale pensioen sal afhang van hoe groot jou fondskrediet is, jou persoonlike behoeftes en ook die huidige ekonomiese klimaat.

Net soos die premium ekonomiese klas meer as een behoefte van passasiers dek, deur 'n meer bekostigbare opsie vir meer sitplekruimte te bied, voorsien hibridiese en saamgestelde annuïteite in afgetredenes se behoeftes deur toegang te bied tot kapitaal en goeie opbrengste, en beskerming teen risiko's te verleen.

Saamgestelde annuïteite raak nou 'n gewilde opsie in die mark, met die volgende weergawes:

- 'n Lewende annuïteit, wat oor 'n tydperk in 'n gewaarborgde annuïteit ingefaseer word
- 'n Lewende annuïteit wat by aanvang saam met 'n uitgestelde annuïteit gekoop word
- 'n Termyn-annuïteit wat vir die eerste 5-10 jaar gekoop word, en daarna word inkomste uit 'n lewende annuïteit ontvang.

Dit is baie belangrik dat lede 'n aftreeprodukt kies wat die beste vir hul eie behoeftes voorsiening maak. Hierdie keuse moet lief in oorleg met 'n geakkrediteerde finansiële adviseur gedoen word.

Het jy geweet?

R1 miljoen wat belê word om 'n **enkellewensannuïteit** (geen gadepensioen by die pensioenaris se dood nie) te koop, met jaarlikse inflasiegekoppelde verhogings en geen gewaarborgde tydperk nie, sal:



'n 65jarige **man** 'n aanvanklike pensioen van **R6 128** per maand gee; en



'n 65-jarige **vrou** 'n aanvanklike pensioen van **R5 480** per maand gee.

Vroue ontvang 'n laer aanvanklike pensioen omdat hulle 'n langer lewensverwachting het.

In-fonds Lewende Annuïteitsopsie

Vanaf 1 Januarie 2017 bied USAF in-fonds lewende annuïteite wat jou 'n ononderbroke oorgang van bydraende lid na pensioenaris verskaf. Indien jy kies om aan die in-fonds lewende annuïteite deel te neem, hoef jy nie die Fonds by aftrede te verlaat nie. Die bedrag wat jy vir aftrede as lid van USAF gespaar het, en wat nie as 'n kontant enkelbedrag geneem gaan word nie, word gebruik om vir jou 'n maandelikse pensioen te koop. USAF bied nou 'n verstek- sowel as 'n keuse-opsie (customised option) ten opsigte van lewende annuïteite.

Die verstekopsie verteenwoordig die siening van die Raad van Trusteas wat die beste vir die gemiddelde lid is, die onttrekkingskoerse is vas en geen beleggingskeuse word toegelaat nie.

Daarenteen bied die keuse-opsie beleggingskeuse en meer buigsaamheid ten opsigte van onttrekkingskeuse.

'n Pensioenaris mag wel tussen die verstek- en die keuse-opsie beweeg. In-fonds pensioenarisse mag ook op enige tydstip ná aftrede na 'n eksterne oplossing beweeg.

In beide die verstek- en die keuse-opsie trek jy voordeel uit mededingende administrasie- en beleggingsfooie. Die verwagting is dat batebestuur en administrasie minder as 1% (BTW ingesluit) per jaar van bates sal beloop, wat uiters goed vergelyk met die koste in die individuele mark. Die trusteas van USAF is ook verantwoordelik om toe te sien dat die onttrekkingskeuse uit die in-fonds lewende annuïteite volhoubaar is, en sal jou van tyd tot tyd help om ander alternatiewe te oorweeg. Die trusteas het toegang tot professionele advies om hulle met die oorsig en bestuur van die in-fonds lewende annuïteite by te staan. Die opsie vir individue om voortgesette finansiële advies van die paneel van goedgekeurde diensverskaffers te ontvang, is ook beskikbaar.

Uitgestelde Aftrede

Die besluit om vroeg af te tree kan jou leefstyl na aftrede beïnvloed en moet goed oorweeg word. USAF bied jou die geleentheid om lid van die Fonds te bly nadat jy by die Universiteit uit diens aftree, en sodanig jou aftrede geld te vermeerder. Indien 'n lid aftrede uit die Fonds vir vyf jaar uitstel, kan dit 'n groot impak op die waarde van die maandelikse pensioen by aftrede hê.

Jy word daaraan herinner dat jy die keuse het om op die normale aftree-ouderdom, of by vroeë aftrede, jou aftrede uit die Fonds uit te stel. Hoe werk dit? Indien jy uitgestelde aftrede toepas wanneer jy by die Universiteit uit diens aftree, bly jou fondskrediet in die Fonds belê terwyl jy inkomste uit 'n ander bron bekom. Jy kan daarna besluit wanneer jy uit die Fonds wil aftree, of anders gestel, wanneer jy dit kan bekostig.

Die Universiteit het ook toestemming verleen dat werknemers wat uitgestelde aftrede uitgeoefen het en ná aftrede weer tydelik in diens geneem word, kan voortgaan om bydraes tot die Fonds te lewer. Hierdie bydraes sal egter nie deur die werkgever as 'n belastingaftrekking toegelaat word nie.

Indien jy uitgestelde aftrede toepas en daarna te sterwe kom, ontvang jou afhanklikes slegs die opgelope fondskrediet in die Fonds, aangesien die versekerde doodsvoordele staak wanneer jy by die Universiteit uit diens aftree.

Die maandelikse administrasiefooi sal van jou fondskrediet verhaal word en jy sal steeds deur die Fonds se toegangsportaal, Retirement Fund Web, tot jou fondsinligting toegang hê totdat jy uiteindelik uit die Fonds aftree. Deur uitgestelde aftrede uit te oefen, sal jy steeds voordeel trek uit die skaalvoordele wat van toepassing is op die Fonds se administrasie- en beleggingsfooi.

Vanaf ouderdom 55 het lede die volgende keuses indien aftrede by US oorweeg word:

- Uitgestelde aftrede tot maksimum ouderdom 70
- In-fonds lewende annuïteit
- Annuïteite buite die Fonds
- Kontant

Indien jy belangstel om uitgestelde aftrede uit te oefen, kan jy vir mnr. Peter Kirsten van die Vergoeding- en Voordele-afdeling skakel om meer inligting te bekom.

Finansiële Advies

Jou aandag word weereens daarop gevestig dat USAF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van ouderdom 53 en ouer het toegang tot die diens. Veral lede wat oorweeg om vroeg af te tree en daarom individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om van die adviesdiens gebruik te maak.

Die paneel van voorkeur-diensverskaffers is:

Alexander Forbes Financial Planning Consultants +27 (0) 21 809 3750 / wesselsw@forbes.co.za

Efficient Wealth +27 (0) 21 914 8030 / martin@efw.co.za

Finfocus: +27 (0) 21 861 7000 / usafadvies@finfocus.co.za

Graviton: +27 (0) 21 883 9192 / arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies: +27 (0) 21 947 6025 / karl.parks@sanlam.co.za

USAF betaal vir twee konsultasies by een van die voorkeur-diensverskaffers.

Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 plaasvind en die tweede wanneer jy aftree. Dit is eenvoudig om van die voordeel gebruik te maak. Volg net hierdie stappe:

1. Besluit op 'n diensverskaffer.
2. Kontak Menslike Hulpbronne (Charné Pool by +27 (0) 21 808 9271 / charnep@sun.ac.za) om 'n konsultasie-koepon te bekom.
3. Maak daarna 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

Belangrike Kontakbesonderhede

Indien jy meer inligting omtrent USAF benodig, kan jy die Vergoeding- en Voordele-afdeling of die Voordeelkonsultant kontak. Tree asseblief met die hoofbeampte in verbinding indien jy enige klagtes aangaande USAF het.

Hoofbeampte

Japie Kotzé

t. +27 (0) 21 808 2754

f. +27 (0) 21 808 2484

e. jjsk@sun.ac.za

Voordeelkonsultant

Alfreda April

f. +27 (0) 21 912 3316

e. alfreda@simekaconsult.co.za

Vergoedings- en Voordele-afdeling

Peter Kirsten

t. +27 (0) 21 808 3740

f. +27 (0) 21 808 2484

e. pkirsten@sun.ac.za

Pensioenfondsbereger (PFB)

e. enquiries@pfa.org.za

Lede kan die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die Fonds aangespreek is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (<http://www.pfa.org.za>) vir meer besonderhede.

